**SKOOL**
**AFRIKAANS - GR 5**
***Eksamen***

**30 November 2010**
**Tyd: 120 min**
**Totaal: 95**


NAAM: ______________________________

Instruksies
1. *Vul eerstens jou naam en van op hierdie antwoordblad neer.*
2. Lees jou vrae noukeurig voordat jy antwoord.
3. Alle vrae is verpligtend.
4. Lekker skryf!

---

## AFDELING A: LEES MET BEGRIP

VRAAG 1: Lees die onderstaande leesstuk noukeurig deur en beantwoord die vrae in vol sinne:



Die woord appel het 'n geskiedenis: dink maar aan 'n twisappel, 'n appeltjie wat geskil moet word, Adam en Eva se "appel", jou adamsappel en die appel wat nie ver van die boom val nie. En dan die laaste, maar nie die minste nie: die appels in oubaas Brendt se tuin, aan twee bome wat krom staan, so swaar hang die rooi appels ... appels wat nêrens anders gegroei het nie, appels wat gesoebat het om gepluk te word en appels wat ons gehelp het om ons op oubaas Brendt te wreek. Ons sou in die middel van die nag die bome kaal pluk en dan sou ons "kiets" wees met hom wat hy ons gesin aangedoen het.

Dit was middernag toe ons oor die groot hek klouter. Ons het op ons maag gekruip, so plat soos ons kon, na die vyand se tuinmuur. Daar was ek, Willem, Thomas en Miemie. Miemie mog saamgaan, al was sy 'n meisiekind, want sy was mos die een wat die klap gekry het.

Die maan was aan die ondergaan en sy lig het ons bang gemaak. Maar ons het die strooptog vir daardie uur vasgestel en ons kon dus nie kla nie. Om die appels te kom steel, moes dit donker wees, en nou was dit pikdonker. Dat ons taamlik bang was vir die sout uit die haelgeweer, sal ek maar erken.

Uit: Cecil van der Spuy: Stinkie en sy maats

1.1 Haal 'n idioom uit die eerste sin en gee die betekenis. (1)

______________________________

______________________________

1.2 Waar kry 'n mens 'n *adamsappel*? (1)

______________________________

1.3 Watter appels is vir die verhaal die belangrikste? (1)

______________________________

1.4 Waarom het die twee bome so krom gestaan? (1)

______________________________________________

1.5 Wat het oom Brendt die gesin aangedoen dat hulle hul op hom wou wreek? (1)

______________________________________________

1.6 Waarom was hulle bang vir die maanlig? (1)

______________________________________________

1.7 Wat is 'n *strooptog*? (1)

______________________________________________

1.8 Hoe het oom Brendt die appeldiewe gestraf? (1)

______________________________________________

1.9 Waarom was hy bekend as *oubaas*? (1)

______________________________________________

1.10 Gee 'n gepaste opskrif vir die leesstuk. (1)

______________________________________________

TOTAAL: AFDELING A: 10

## AFDELING B: TAAL IN KONTEKS

VRAAG 2: *Onderstreep* die telwoorde in die volgende sinne en skryf hulle onder die vraag neer; Skryf by elkeen volledig watter soort telwoord dit is:

2.1 Geen kind het minder as vyf appels gepluk nie. (2)

______________________________________________

2.2 Na die hoeveelste probeerslag het hulle die derde sak appels oor die heining gekry. (2)

______________________________________________

2.3 Die middelste ry appels het die lekkerste appels. (1)

______________________________________________

[5]

VRAAG 3: Ontken die volgende sinne:

3.1 Oom Brendt het altyd met sy haelgeweer waggestaan. (1)

______________________________________________

3.2 Iemand het hom vertel die kinders kom appels steel. (1)

_______________________________________________

3.3 Die kinders het êrens 'n geritsel gehoor. (1)

_______________________________________________

3.4 Oom Brendt het iets aan Miemie gedoen. (1)

_______________________________________________

3.5 Ek hou van appels en pere. (1)

_______________________________________________

[5]

---

VRAAG 4: Gee *antonieme* vir die onderstreepte woorde:

4.1 Oom Brendt was <u>vrygewig</u> met sy appels. (1)

_______________________________________________

4.2 Die appels is <u>kosbaar</u> vir oom Brendt. (1)

_______________________________________________

4.3 Die oom het <u>tydig</u> opgedaag toe ons appels steel. (1)

_______________________________________________

4.4 Die kinders het <u>erken</u> dat hulle skuldig is. (1)

_______________________________________________

4.5 Die oom eet <u>selde</u> van sy eie boom se appels. (1)

_______________________________________________

[5]

---

VRAAG 5: Voltooi die volgende sinne in jou eie woorde:

5.1 Ek sal saamgaan, mits _______________________________________________

_______________________ (1)

5.2 Alhoewel die oom baie kwaai is, _______________________________________________


_______________________ (1)

5.3 Willem hoor 'n bloedstollende gil, terwyl _______________________________________________

_______________________ (1) [3]

---

VRAAG 6: Kyk na die volgende prentjie en maak dan mooi, beskrywende sinne daaroor. Jy moet drie (3) *byvoeglike naamwoorde* en drie (3) *bywoorde* gebruik: [6]




VRAAG 7: Skryf die volgende sinne in die *lydende vorm*:

7.1 Die kinders pak die appels in 'n sak. (1)

7.2 Die oom het die appels verkoop. (1)

7.3 Ons sal nie weer appels steel nie. (1)

[3]

VRAAG 8: Skryf in die *bedrywende vorm*:

8.1 Miemie word deur oom Brendt geklap. (1)

8.2 Die bome sal deur hulle beskadig word. (1)

______________________________________________

8.3 Die bome is verlede winter deur die tuinier gesnoei. (1)

______________________________________________

[3]

TOTAAL: AFDELING B: 30

## AFDELING C: SPELLING EN WOORDESKAT

VRAAG 9: Gee afkortings vir die volgende:

9.1 in verband met: ______________________ (1)

9.2 as gevolg van: ______________________ (1)

9.3 meervoud: ______________________ (1)

9.4 onder andere: ______________________ (1)

9.5 hoofletter: ______________________ (1) [5]

VRAAG 10: Waarvoor staan die volgende afkortings:

10.1 ekv.: ______________________ (1)

10.2 asb.: ______________________ (1)

10.3 lg.: ______________________ (1)

10.4 pt.: ______________________ (1)

10.5 gr.: ______________________ (1) [5]

VRAAG 11: Plaas die ontbrekende *skryftekens (deeltekens en kappies)* waar nodig:

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 11.1 | vroee | (1) | 11.2 | brue | (1) |
| 11.3 | sket | (1) | 11.4 | kerel | (1) |
| 11.5 | gelee | (1) | 11.6 | bearbei | (1) |
| 11.7 | uitveer | (1) | 11.8 | nerens | (1) |
| 11.9 | geeet | (1) | 11.10 | dieet | (1) [10] |

VRAAG 12: Gee die trappe van vergelyking; Skryf self die opskrifte in die tabel:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | | | | (3) |
| 12.1 | min | | | (2) |
| 12.2 | plat | | | (2) |
| 12.3 | snaaks | | | (2) |

[9]

VRAAG 13: Vul in "f" of "v":

Die __aring groei welig in die __, waar die mense in uni__orm __reeslik lawaai. [4]

VRAAG 14: Vul in "i" of "ie":


Die polisie het die d__we wat m__lies steel, gevang. Hulle is almal fam__lie van mekaar.

Die saak het baie publ__s__teit geniet en het f__nansiële impl__kasie vir die boer. [7]

## TOTAAL: AFDELING C: 40

## AFDELING D: KREATIEWE SKRYFWERK

VRAAG 15: Bestudeer die prentjie.



15.1 Skryf 'n opstel van ongeveer 15 reëls oor wat hier gebeur. Onthou om jou opstel in paragrawe te skryf. [15]

| | |
|---|---|
| TOTAAL: AFDELING D: | 15 |
| **TOTAAL** | **95** |